# REDAKSIONEEL

## 'n Kwarteeu Historiese Genootskap Honderd Jaar na die Eerste Vryheidsoorlog

Weens stygende drukkoste het *Historia* en *Historia Junior* 'n opdraende stryd gevoer om voort te bestaan. Die Redaksie is dank verskuldig aan die Departement Nasionale Opvoeding vir die steun wat verleen is om hulle verskyning moontlik te maak.

Dr J J van Tonder, die voormalige voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, was die siel en brein agter *Historia Junior*. Waar hy die tuig vanjaar neerlê, wil die Redaksie hom van harte bedank vir sy jarelange onbaatsugtige en getroue diens in die belang van geskiedenis op skool. Dit het baie van sy tyd asook vindingrykheid geverg om dié tydskrif twee keer per jaar uit te bring en op 'n vlak te hou wat toeganklik was vir die kind, en waarin die leerling 'n spreekbuis vir sy omgang met die geskiedenis gevind het.

Die verspreiding van die administrasie van die Historiese Genootskap oor Pretoria, en Vereeniging en Springs het heelwat ekstra onkoste en ongerief meegebring. Met die oog op besparing en rasionalisasie het die Hoofbestuur besluit om na een hoofkwartier te sentraliseer, nl. Pretoria, vanwaaruit lidmaatskap van die Genootskap, intekening op en die verspreiding van *Historia* behartig sal word.

Eerstens wil die Redaksie en die Hoofbestuur 'n besondere woord van dank uitspreek teenoor mnr Rupert Maree, wat die sekretarisskap van die Historiese Genootskap vir 16 jaar op bekwame wyse beklee het. Waar hy vanjaar as skoolhoof die tuig neerlê en daarmee saam ook sy sekretarisskap, wil die Genootskap hom 'n aangename en produktiewe rustyd toewens. Sy entoesiasme vir die Genootskap en liefde vir die geskiedenis was 'n inspirasie. Hy was te alle tye beskikbaar vir diens aan die Genootskap en die voer van korrespondensie, die skrywe van notules, omsendbriewe en verslae. Hy het nooit aan vergoeding gedink nie, maar bevrediging gekry uit die diens wat hy aan die samelewing gelewer het.

Saam met mnr Maree tree ook mev M J van Vuuren van Springs uit as penningmeester. Aan haar ook 'n besondere woord van dank van die Genootskap en die Redaksie vir die getroue en bekwame wyse waarop sy die geldsake van die Historiese Genootskap behartig het. Die jaarlikse boekhouding van intekenare, die versending van die tydskrifte en die versorging van die finansiële state het baie tyd in beslag geneem.

Waar daar nou gesentraliseer word, sal die sekretarisskap van die Historiese Genootskap voortaan deur mnr J E H Grobler, lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, behartig word. Die penningmeesterskap word deur mnr H de Jager in die Departement Rekeningkunde behartig. Alle korrespondensie moet voortaan aan hulle gerig word. Die Departement Rekeningkunde en Ouditkunde, Universiteit van Pretoria, sal die intekengeld ontvang, terwyl die versending van *Historie* deur die Departement Kunsgeskiedenis gedoen sal word. 'n Besondere woord van dank aan prof F G E Nilant, hoof van die Departement, vir sy volgehoue belangstelling in die Historiese Genootskap en in *Historia*.

Die Redaksie het met leedwese verneem van die afsterwe van prof P J van der Merwe in September 1979 en prof J J Oberholster, direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Eersgenoemde het sy akademiese lewe in die belang van geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch gewy en laasgenoemde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Beide het 'n belangrike bydrae gelewer tot die vorming van studente en die bevordering van die wetenskap van die geskiedenis. Prof Oberholster was 'n jarelange vriend van die Historiese Genootskap. Die heengaan van

dr. B.J. van der Merwe wat verskeie jare lank lid van die redaksie was word ook betreur. Hy het 'n waardevolle skakel tussen die redaksie en die onderwyswêreld gevorm.

Aan die einde van vanjaar tree prof. A.N. Pelzer uit die akademiese lewe na 'n loopbaan van onderskeiding en diens waartydens hy onder andere 'n leidende rol in die Historiese Genootskap gespeel het. Die redaksie wil hom langs hierdie weg bedank vir sy diens en voortdurende belangstelling en wil hom 'n lang en aangename rustyd toewens.

Hierdie uitgawe van *Historia* word gewy aan die herdenking van die Eerste Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog, sedert 1881 al bekend as die Vryheidsoorlog en sedert 1902 as die Eerste Vryheidsoorlog, 1880—1881. Waar die oorlog op 16 Desember 1880 uitgebreek het, vanjaar honderd jaar gelede, het die Redaksie dit gepas geag om 'n viertal artikels daaroor te publiseer. Die eerste is van prof M C van Zyl, hoof van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika, wat die insiggewende boek oor *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877—1880* in 1979 uitgebring het. Die tweede is van mnr Louis Scott wat in 1979 'n MA-dissertasie oor *Die Rol van die Volkskomitee in die Geskiedenis van Brits-Transvaal, 1877—1880,* voltooi het en die derde is van mnr J E H Grobler wat hoop om sy Doktorale dissertasie, *Die Eerste Vryheidsoorlog — militêr benader* in 1980 in te handig. Die vierde is van die hand van die Redakteur, nl oor die uitwerking van die anneksasie van 1877 en die Vryheidsoorlog wat daarop gevolg het, op die nasionale selfbewussyn van die Afrikaners.

Aangesien die Historiese Genootskap en *Historia* op 11 Februarie 1981 'n kwarteeu oud is, het die Redaksie dit goed geag om sy geskiedenis en prestasies te boek te stel. Dié bydrae is van prof P H Kapp, departementele voorsitter vir Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit en onder-voorsitter van die Historiese Genootskap. 'n Woord van dank van die kant van die Redaksie vir bogenoemde bydraes.

Gedurende sy bestaan het die Historiese Genootskap vanaf sy ontstaan in 1956 tot vandag toe 'n nuttige funksie met betrekking tot die bevordering van die geskiedenis vervul, sowel in die samelewing en op skool as in akademiese kringe, aan wie *Historia* nuwe kennis, gebaseer op navorsing vanoor die hele land, beskikbaar gestel het.

Die Redaksie bedank almal wat in die afgelope kwarteeu artikels aan hierdie amptelike orgaan van die Historiese Genootskap vir oorweging voorgelê het, en spreek die vertroue uit dat die Redaksie u samewerking in die toekoms sal behou.